

'N TREFFER



P DIE VLOER

deur HENRIETTE LOUW

Amper te mooi om op te trap en so maklik om self te hekel. Soek 'n spesiale plek vir hierdie mat waar hy deur almal bewonder kan word, maar nie heeldag op getrap word nie.

Die agtpuntblaarmotief en gespaseerde picot-randjie is baie treffend en vertoon pragtig op 'n blink gepoleerde houtvloer of op 'n donkerkleur mat.

BENODIGDHEDE: 24 bolle Twilley's Knitcot; 'n hekelpen nr 4,00.

GROOTE: 117 cm in deursnee (46 dm).

SPANNING: 6 dubbelslagsteke per 5 cm in wydte.

AFKORTINGS: Ks — kettingsteek; dsl — dubbelslagsteek; kb — kortbeentjie; gls — glijpsteek; sp — spasië; herh — herhaal.

AANWYSINGS

Gebruik die hekelgaring deurgaans dubbel, hekel 9 ks en las met 'n gls om 'n ring te vorm.

Rondte 1: 6 ks, (1 dsl in die ring, 2ks) sewe keer, gls in die 4e van 6 ks.

Rondte 2: 4 ks sal gereken word as 1 dsl, 2 dsl in die eerste sp, (1 dsl in die volgende dsl, 2 dsl in die volgende sp) sewe keer, gls in die bopunt van die 4 ks — 24 dsl.

Rondte 3: 4 ks, 1 dsl in die eerste dsl, 1 dsl in die volgende dsl, (7 ks, slaan die volgende dsl oor, 2 dsl in die volgende dsl, 1 dsl in die volgende dsl) sewe keer, 7 ks, slaan die volgende dsl oor, gls in die bopunt van die 4 ks.

Begin nou met die blaarpatroon soos volg:

Rondte 4: GlS oor die eerste dsl, 4 ks, 1 dsl tussen die volgende 2 dsl, 3 ks, slaan die volgende 2 ks oor, 1 dsl in elk van die volgende 3 ks, 3 ks slaan die volgende 2 ks oor, * (1 dsl tussen die volgende 2 dsl) twee keer — begin van blaar, 3 ks, slaan die volgende 2 ks oor, 1 dsl in elk van die volgende 3 ks, 3 ks, slaan die volgende 2 ks oor. Herh vanaf * tot aan die end, gls in die bopunt van die 4 ks.

Let wel! Eindig rondtes 5 tot 19 op dieselfde wyse, dit wil sê gls in die bopunt van die 4 ks.

Rondte 5: 4 ks, 1 dsl in die eerste dsl, 1 dsl in die volgende dsl, 3 ks, 1 dsl in elk van die volgende 3 dsl, 3 ks, * 2 dsl in die volgende dsl, 1 dsl in die volgende dsl, 3 ks, 1 dsl in elk van die volgende 3 dsl, 3 ks. Herh vanaf * tot aan die end.

Rondte 6: 4 ks, 1 dsl in die eerste dsl, 1 dsl in die volgende dsl, 2 dsl in die volgende dsl, 3 ks, 1 dsl in elk van die volgende 3 dsl, 3 ks, * 2 dsl in die volgende dsl, 1 dsl in die volgende dsl, 2 dsl in die volgende dsl, 3 ks, 1 dsl in elk van die volgende 3 dsl, 3 ks. Herh vanaf * tot aan die end.

Rondte 7: 4 ks, 1 dsl in die eerste dsl, 1 dsl in elke dsl tot voor die laaste dsl van die eerste blaar, 2 dsl in die laaste dsl van dieselfde blaar, 3 ks, 1 dsl in elk van die volgende 3 dsl, 3 ks, * 2 dsl in die eerste dsl van die volgende blaar, 1 dsl in elke dsl tot voor die laaste dsl van dieselfde blaar, 2 dsl in die laaste dsl, 3 ks, 1 dsl in elk van die volgende 3 dsl, 3 ks. Herh vanaf * tot aan die end.

Rondtes 8 tot 10: Soos rondte 7 — 13 dsl in elke blaar.

Rondte 11: 4 ks, 1 dsl in die eerste dsl, 1 dsl in elk van die volgende 4 dsl, 4 ks, slaan die volgende 3 dsl oor, 1 dsl in elk van die volgende 4 dsl, 2 dsl in die volgende dsl, 3 ks, 1 dsl in elk van die volgende 3 dsl, 3 ks, * 2 dsl in die volgende dsl, 1 dsl in elk van die volgende 4 dsl, 4 ks, slaan die volgende 3 dsl oor, 1 dsl in elk van die volgende 4 dsl, 2 dsl in die volgende dsl, 3 ks, 1 dsl in elk van die volgende 3 dsl, 3 ks. Herh vanaf * tot aan die end.

Rondte 12: 4 ks, 1 dsl in die eerste dsl, 1 dsl in elk van die volgende 2 dsl, 3 ks, slaan die volgende 2 dsl oor, 1 dsl in die volgende dsl, 3 dsl in die eerste sp, 1 dsl in die volgende dsl, 3 ks, slaan die volgende 2 dsl oor, 1 dsl in elk van die volgende 2 dsl, 2 dsl in die volgende dsl, 3 ks, 1 dsl in elk van die volgende 3 dsl, 3 ks, * 2 dsl in die volgende dsl, 1 dsl in elk van die volgende 2 dsl, 3 ks, slaan die volgende 2 dsl oor, 1 dsl in die volgende dsl, 3 dsl in die volgende sp, 1 dsl in die volgende dsl, 3 ks, slaan die volgende 2 dsl oor, 1 dsl in elk van die volgende 2 dsl, 2 dsl in die volgende dsl, 3 ks, 1 dsl in elk van die volgende 3 dsl, 3 ks. Herh vanaf * tot aan die end.

Rondte 13: GlS oor die eerste dsl, 4 ks, 1 dsl in elk van die volgende 2 dsl, 2 dsl in die volgende sp, 1 dsl in die volgende dsl, 4 ks, slaan die volgende 3 dsl oor, 1 dsl in die volgende dsl, 2 dsl in die volgende sp, 1 dsl in elk van die

volgende 3 dsl, (2 ks, 3 dsl in die volgende sp) twee keer, 2 ks, * slaan die volgende dsl oor, 1 dsl in elk van die volgende 3 dsl, 2 dsl in die volgende sp, 1 dsl in die volgende dsl, 4 ks, slaan 3 dsl oor, 1 dsl in die volgende dsl, 2 dsl in die volgende sp, 1 dsl in elk van die volgende 3 dsl, (2 ks, 3 dsl in die volgende sp) twee keer, 2 ks. Herh vanaf * tot aan die end.

Rondte 14: GlS oor die eerste dsl, 4 ks, 1 dsl in elk van die volgende 4 dsl, 3 dsl in die eerste sp, 1 dsl in elk van die volgende 5 dsl, (2 ks en 3 dsl in die volgende sp) drie keer, 2 ks, * slaan die volgende dsl oor, 1 dsl in elk van die volgende 5 dsl, 3 dsl in die volgende sp, 1 dsl in elk van die volgende 5 dsl, (2 ks en 3 dsl in die volgende sp) drie keer, 2 ks. Herh vanaf * tot aan die end.

Rondte 15: GlS oor die eerste dsl, 4 ks, 1 dsl in elke dsl tot voor die laaste dsl van die eerste blaar, (2 ks en 3 dsl in die volgende sp) vier keer, 2 ks, * slaan die eerste dsl van die volgende blaar oor, 1 dsl in elke dsl tot by die laaste dsl van dieselfde blaar, (2 ks en 3 dsl in die volgende sp) vier keer, 2 ks. Herh vanaf * tot aan die end. (11 dsl in elke blaar).

Rondte 16: GlS oor die eerste dsl, 4 ks, 1 dsl en elke dsl tot by die laaste dsl van die eerste blaar, hekel nou 2 ks en 3 dsl en elke sp tot by die volgende blaar, 2 ks, * slaan die eerste dsl van die volgende blaar oor, 1 dsl in elke dsl tot by die laaste dsl van dieselfde blaar, hekel nou 2 ks en 3 dsl in elke sp tot by die volgende blaar, 2 ks. Herh vanaf * tot aan die end.

Rondtes 17 tot 19: Soos rondte 16. (3 dsl in elke blaar).

Rondte 20: GlS oor die eerste dsl, 6 ks, (3 dsl in die volgende sp, 2 ks) nege keer, * slaan die volgende dsl oor, 1 dsl in die volgende dsl, 2 ks, (3 dsl in die volgende sp, 2 ks) nege keer. Herh vanaf * tot aan die end, gls in die 4e van die 6 ks.

Rondte 21: 4 ks, 2 dsl in die eerste sp, hekel dan 2 ks en 3 dsl in elke sp tot aan die end en eindig met 2 ks, gls in die bopunt van die 4 ks.

Rondte 22: 6 ks, hekel dan 3 dsl en 2 ks in elke sp tot aan die end en eindig met 2 dsl in die laaste sp, gls in die 4e van 6 ks.

Rondte 23: 4 ks, * 2 dsl in die volgende sp, 1 dsl in elk van die volgende 3 dsl. Herh vanaf * tot aan die end, maar eindig met 1 dsl in elk van die laaste 2 dsl, gls in die bopunt van die 4 ks.

Rondte 24: 4 ks, 1 dsl in elk van die volgende 2 dsl, * 3 ks, slaan die volgende 2 dsl oor, 1 dsl in elk van die volgende 3 dsl. Herh vanaf * tot aan die end en eindig met 3 ks, slaan die volgende 2 dsl oor, gls in die bopunt van die 4 ks.

Rondte 25: 7 ks, * 3 dsl in die volgende sp, 3 ks. Herh vanaf * tot aan die end en eindig met 2 dsl in die laaste sp, gls in die 4e van die 7 ks.

Rondtes 26 tot 28: Herh rondtes 23 tot 25.

Rondte 29: GlS in die eerste sp, hekel dan 4 ks en 2 dsl in die eerste sp, 4 ks, gls in die 4e ks vanaf die pen, hekel nou 3 dsl in dieselfde sp, 4 ks, 1 kb in die middelste ks van die volgende sp, 4 ks, hekel nou * 3 dsl in die volgende sp, 4 ks, gls in die 4e ks vanaf die pen, 3 dsl in dieselfde sp, 4 ks, 1 kb in die middelste ks van die volgende sp, 4 ks. Herh vanaf * tot aan die end en eindig met gls in die bopunt van die 4e ks. Heg af.

Pars die mat versigtig aan die verkeerde kant met 'n warm yster oor 'n klam doek.

